

# Q&A

## *Vayigash*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

**DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:**

**Torah:** Gen 44:18 - Gen 47:27
**Haftarah:** Ese 37:15-28
**B'rit Hadashah:** Luk 6:6-49; Luk 24:30-48; Efe 2:1-10

1. Vayigash beteken "en hy het nader gekom." Wie het nader gekom om namens die gesin in te tree, en waarom?
2. Wat het Juda gesê sou met sy pa, Jakob, gebeur as Benjamin nie saam met die broers huis toe teruggaan nie?
3. Wat het Juda voorgestel met betrekking tot die aanklagte teen sy broer Benjamin?
4. Hoe het Josef sy identiteit aan sy broers bekend gemaak?
5. Josef se broers was stomgeslaan toe hy homself bekend maak. Hoe het Josef verder op hulle skok gereageer?
6. Waarom het Josef nie bloot net graan teruggestuur na Kanaän toe nie? Waarom wou hy hê dat die hele gesin na Egipte moes verhuis?
7. Wat was Farao en sy dienaars se reaksie toe hulle hoor dat Josef se broers aangekom he
8. Waarom dink jy het Farao vir Josef beveel om sy hele familie na Egipte te bring?

9. Waarom dink jy het Josef vir elkeen van sy broers 'n stel nuwe klere gegee?
Hoe het dit verskil van wat Benjamin ontvang het?

10. Hoe het Israel (Jakob) die nuus ontvang dat Josef nog leef en die heerser oor die hele Egipteland is?

11. Toe Israel die reis na Egipte begin het, het hy 'n spesiale stop gemaak.
Waar was dit, en waarom was dié plek so besonders?
Wat het Abba Vader daar vir Israel gesê?

12. Wie was die seuns van Lea, en hoeveel van Israel se familie het deur haar saam na Egipte gegaan?

13. Hoeveel mense het in totaal saam met Israel na Egipte getrek?

14. Waar het Israel en Josef uiteindelik herenig, en wat is die Hebreeuse betekenis van dié plek?

15. Waarom dink jy het Israel gesê: "Nou kan ek sterwe nadat ek jou aangesig gesien het en weet dat jy nog leef"?

16. Waarom was herders vir die Egiptenare as "afskuwelik" beskou?

17. Wat het Josef gedoen met die geld wat hy uit die verkoop van graan ontvang het tydens die hongersnood?

18. Nadat die Egiptenaars al hulle geld uitgegee het, waarvoor het Josef vir hulle brood verkoop?

19. Waar het Israel en sy familie hulle in hierdie tyd bevind, en wat het met hulle gebeur?

20. Watter verband sien jy tussen hierdie week se Torah-gedeelte en die week se Haftarah-gedeelte?

21. Wat dink jy is ons veronderstel om op 25 Desember te doen? Hoe behoort ons mense en familie te hanteer wat Kersfees vier?